MURRAYSBURGER

a beautiful secret

The secret is out!

Go to www.murraysburg.co.za

The Murraysburger is now also available on the website. Hard copies at Kays, Butcher, Co-op & Victory Hill

Contact details on page 2

Oct 2011
R3.00
No 7

Boekbekendstelling
MURRAYSBURG 150 JAAR

Murraysburg: Op Saterdagaand 27 Augustus het Murraysburgers verteenwoordigend van die hele gemeenskap in die kerksaal by-eengekom vir die bekendstelling van Izak Malherbe, Charl Conradie en Alida Pienaar se boek **MURRAYSBURG 150 JAAR**.

Die boek met as buiteblad 'n skildery deur die Britse kunstenaar Thomas W. Bowler (1812-1869) vertel in bykans 200 bladsye die geskiedenis van Murraysburg en sy mense. Die dorp was sowat twee jaar oud toe Bowler van die Gebroeders Mosenthal die opdrag vir die skildery ontvang het. Regs op die skildery is die oor-spronklike Nederduits Gereformeerde kerkgebou, links Mosenthal se eerste winkel en die dubbelverdiepinggebou in die agtergrond die eerste stadshuis. Afgesien van die uiters interessante inhoud sal hierdie boek 'n sieraad vir enige koffietafel wees.

Kotie van den Berg het as seremoniemeester die outeurs, dr.Schalk du Toit en alle ander teenwoordiges verwelkom en die verrigtinge is met 'n gepaste gebed deur dr. Du Toit geopen. Dr. Du Toit, wat toevallig ook op 16 Oktober verjaar, het die 150-jarige gedenkdiens op 16 Oktober 2005 gelei en heel gepas aan die drie kinders, Orné van der Merwe, Lisa-Marie Pienaar en Brent Hesselink, wat tydens daardie geleentheid gedoop is, eksemplare van die boek oorhandig. Antonie Troskie het 'n eksemplaar aan dr. Du Toit oorhandig.

Tydens sy gelukwense aan die drie skrywers en Janet Kingwell, wat die puik illustrasies gedoen het, het Van den Berg erken dat hy aanvanklik ietwat skepties was of 'n werk van so 'n groot omvang tot stand sou kon kom, maar die stapels boeke en teenwoordiges is getuies dat Izak Malherbe, Charl Conradie en Alida Pienaar wel hierdie groot taak vermag het.

Nie net word in die boek van die dorp se stigting en die groot geeste, wat daarby betrokke was, vertel nie, maar ook van Murraysburg as heroïese Kaapse rebelledorp in die Anglo-Boere-oorlog en sy bydrae tot landbou in die land. Murraysburg se algehele sonsverduistering, die soektog na aardolie in die distrik, die rol van 'n briljante Skotse onderwyser om van die dorp 'n sentrum vir voortreflike onderwys te maak asook die geskiedenis van die sierlike Nederduits Gereformeerde kerkgebou en sy besondere orrel is van die ander interessante onderwerpe waaroor die boek berig. Daar word van oud-Murraysburgers wat op verskillende terreine tot op die hoogste vlak in die samelewing gevorder het, vertel asook van die gerekende skrywers, digters, musici en sportlui wat bande met Murraysburg het.

Janet Kingwell se pragtige illustrasies maak van die boek iets besonders, terwyl die talle foto's natuurlik ook tot die interessantheid bydra.

Charl Conradie het namens die skrywers Murraysburg en sy mense vir hulle morele en finansiële ondersteuning en geduld bedank. Hy het aan die Hoër- en Laerskool, die biblioteek, die VGK en die NG-kerk elk 'n boek geskenk en die hoop uitgespreek dat die jonger geslag sal voortgaan om die wel en wee van Murraysburg te boekstaaf. Conradie het ook besondere hulde aan Izak Malherbe se onvermoeide ywer om alle inligting te kontroleer, gebring. Malherbe het betrokkenes met groot moeite hier en in die buiteland opgespoor en geen steen onaangeroer gelaat nie om te verseker dat alle feite korrek is.

Danksy 'n uitstalling van Janet Kingwill en Sarie Reynolds se skilderye en die mooi gedekte tafels was die atmosfeer in die kerksaal warm en gesellig en kon die gaste heerlik smul aan die verversings, deur Johanna van der Merwe gereël en wyn deur Namaqua geborg. Geen wonder dat die Murraysburgers heerlik saam met die drie outeurs gekuier het en hierdie boekbekendstelling iets besonders was nie.

MURRAYSBURG 150 JAAR is beskikbaar teen R250.00 by 3 Susters op Murraysburg. Vir posbestellings, kontak Alida Pienaar by 082 599 0366 of 044 695 2446, of vir Charl Conradie by cfconradie@gmail.com.

Van links na regs: Alida Pienaar, Charl Conradie, Janet Kingwill en Izak Malherbe

Gemeenskap geskok

Murraysburg – Die tragiese dood van Xavier Salmans (6 jaar oud) op 8 September het die hele gemeenskap geskok. Xavier is in Voortrekkerstraat naby die uitgang van die dorp na Victoria-Wes in die skemer deur 'n wit Corolla raakgery en is kort daarna oorlede. Voortrek-kerstraat is die hoofstraat wat van suid na noord deur die dorp loop.

Plaaslike motoriste weet van die groepie kinders, wat gereeld daar in die straat speel, en alhoewel dit nie die beste speelplek vir kinders is nie, word daar ekstra ver-sigtig bestuur. Aangesien die kinders dikwels met 'n bal speel, gebeur dit dat van hulle soms onverwags agter die bal aan hardloop. In hierdie geval het die bestuurder probeer swenk om 'n botsing te vermy, maar het die kind ongelukkig nogtans getref en is hy nog 'n hele paar meter deur die voertuig saamgesleep.

Die hele gemeenskap se meegevoel gaan uit na sy familie, veral sy ma, Lizzie Salmans, en sy geskokte maatjies. Hopenlik sal hulle ouers toesien dat die kinders voortaan op 'n veiliger plek sal speel.

BRIEWE/LETTERS

TEL/FAKS: 049 844 0135 **SMS**: 072 2163 115 / 082 5093 120
EPOS: maritatheron@mweb.co.za/jenny_ballantyne@telkomsa.net
POSADRES: Voortrekkerstraat 30, Murraysburg, 6995

Skuilname mag gebruik word, maar alle briewe moet vergesel wees van 'n naam, adres en handtekening.
Die redaksie behou die reg voor om briewe te verkort of te verwerp. Die sperdatum vir bydraes is middel van die maand.
Pseudonyms may be used, but all letters must be supported by a name, signature and address.
The editors reserve the right to edit or reject letters. The deadline for contributions is middle of the month.

VAN DIE REDAKSIE …….

Wel, wel, wel! Kan julle dit glo? Die *Murraysburger* word al tot in Indië gelees – deur oud-Murraysburgers op die in-ternet! Lees gerus Gerda Barnard, voorheen van Tover-water, se briefie hieronder.

Intussen het dit darem al 'n bietjie warmer geword en ek is seker almal sien uit na die somer na 'n besonder koue en lang winter. Gelukkig word dit darem seker nooit 50° hier soos by Gerda-hulle nie!

Soos gewoonlik is hierdie uitgawe weer propvol nuus. Ongelukkig gebeur dit nog gereeld dat ons baie interessante bydraes te laat ontvang vir publikasie. Dan moet dit oorstaan tot die volgende uitgawe 'n maand later wat dit dan 'ou nuus' maak. En heel dikwels is daardie uitgawe in elk geval al so vol dat ons dit glad nie kan plaas nie – dus onthou – die sperdatum vir bydraes is die middel van die maand! Lekker lees.

Tot volgende keer
Marietta

GROETE UIT INDIË

■***Gerda Barnard (née van den Berg), Gurgaon, Indië***: Na 'n heerlike vakansie van 2 maande in Suid Afrika (om die Indiese hitte van om en by 50 grade te ontduik), het ons vandag ander Suid Afrikaners in Indië ontmoet om ons terugkeer na hierdie chaos te vier. Ons was lekker nostalgies oor ons land van herkoms, wat 'n wonderlike land dit is, ensovoorts, ensovoorts.

Toe ek by die huis kom, dog ek ek sal so 'n bietjie op die internet kyk wat alles in en om Murraysburg gebeur, en ook kyk of ek inligting van Toverwater (die plaas waar ek grootgeword het) kan vind!

Groot was my verrassing toe ek nie net die *Murraysburger* 'ontdek' nie, maar ook Francois Baard se brief lees! Wat my laat besluit het om te skryf, aangesien Francois gewonder het wat van ons geword het!

Francois, jy het reg "ge-google" van Santjie - sy en haar man Herman is by die Ambassade in die VSA betrokke. Hulle seun het nou gematrikuleer en gaan in die VSA na 'n Universiteit.

Ek, Gerda en my man Hein bly net buite Delhi in Gurgaon. Ons het, toe die kinders uit die huis is, besluit om "expats" te word. Die besluit is eintlik Herman en Santjie se skuld – ons het by hulle in Moskou gekuier toe hulle daar was, en besluit dit lyk na 'n interessante lewe. Het egter nie gespesifiseer waarnatoe ons wil gaan nie en het vir 4 jaar in Pakistan beland. Van daar was ons vir 6 maande terug in Suid Afrika (Port Elizabeth is ons basis, want 2 van ons kinders studeer daar). Ons is nou al 2 jaar in Indië. Ons het 3 seuns, en al 3 is in Suid Afrika.

Etta, die 3de sussie bly saam met haar man, Jan en seun in Pretoria. Die jongste sussie - Heidi en haar man Hilmar bly in San Diego in die VSA - hulle het 'n seun en 'n dogtertjie wat ons almal se poppie is! (die enigste dogter in die familie).

My pa is in die vroeë negentigs oorlede in Pretoria, en my ma Elsa is nog steeds 'n pragtige vrou in haar 70's, en bly in 'n versorgingsoord in Chlocolan.

Ek en my susters sal nooit ophou na die plaas verlang nie, maar het wonderlike herinneringe wat ons altyd sal koester.

Groete aan al die Murraysburgers - eendag skryf ek dalk en vertel julle van al die "avonture" in Indië! Laat weet maar of julle dit wil hoor!

Gerda

Die Redaktrise
Murraysburger

Die aand van 27 Augustus was vir ons iets besonders. **Murraysburg 150** is voorwaar feestelik verwelkom. Ons het nie gedink dat daar so 'n opkoms sou wees nie.

Ons wil graag almal bedank wat betrokke was by die reëlings van die aand. Die organisasie was puik en die eetgoed heerlik. Wat ons veral getref het, was die goeie gees wat daar geheers het. Dit het gelyk of almal lekker gekuier het en bly was om die verskyning van die boek te vier. Dit was lekker om weer tussen "ons mense" te wees.

Baie huidige en oud-Murraysburgers het reeds eksemplare van **Murraysburg 150** aangeskaf. Belangstelling word ook ontvang van versamelaars van geskiedenis en/of kultuur-historiese boeke.

Ons beoog om die drukkoste te dek uit die donasies wat ons vooraf ontvang het en die verkope van die boek. Indien daar 'n wins gemaak word, gaan ons dit aan die N.G. Gemeente Murraysburg skenk. Ons is nie van plan om enige wins vir onsself uit die verkope te maak nie.

Nogmaals baie dankie aan een en almal wat meegewerk het aan die bekendstelling van die boek. Ons waardeer u samewerking.

Ten slotte wil ons 'n uitdaging rig aan "die jonger geslag". Begin nou reeds om aandag te gee aan gebeure, bewaar alle notules en primêre bronne. Eendag moet een van julle 'n opvolg op *Murraysburg 150* skryf.

Murraysburg-groete

Izak Malherbe
Alida Pienaar
Charl Conradie

In opvolg van verlede maand se storie hoedat ons die karoo se sterrenagte as so vanselfsprekend aanvaar, dat ons dit nie eens meer raaksien of waardeer nie – hiermee ‘n kostelik, tog tragiese gebeurtenis wat regtig gebeur het. Dit was in 1994 toe ‘n massiewe aardbewing Los Angeles getref het. Die aardbewing het plaasgevind om 4 uur die oggend en omtrent almal het na buite gestorm vir veiligheid en om die skade te beskou. Die aardbewing het egter ook die elektrisiteit voorsiening oor die hele stad lam gelê en die mense van die stad wat vir die eerste keer in heugenis totale donkerte ervaar het, het vir die eerste keer die sterrehemel in al sy glorie gesien. Vir die volgende paar weke was die nooddienste, radio stasies en sterrewagte van die Los Angeles omgewing oorval deur oproepe van mense wat wou weet of die skielike verheldering van die sterre en die verskyning van ‘n silwer wolk (die Melkweg) die oorsaak was van die aardbewing! Volgens Ed Krupp, die direkteur van die Griffith Observatorium in Los Angeles, wou die mense hom eenvoudig nie glo dat dit wat hulle in daardie vroeë oggenduur gesien het, toe al die stadsligte af was, eintlik normaal was nie.

Die Maan Illusie

Daar is seker niemand wat nog nie gewonder het hoekom die maan so groot is wanneer hy opkom en al hoe kleiner word namate hy hoër styg. Hierdie verskil in grootte is so duidelik dat dit moeilik is om te glo dat dit nie werklik so is nie. Die maan is tog nie nader aan ons wanneer hy op die horison sit nie – in werklikheid is hy 6500 km verder as wanneer hy reg bo ons koppe sit en behoort eintlik kleiner voor te kom. Die ander verduideliking wat mense graag gee, is dat wanneer die maan op die horison sit, sien ons hom deur ‘n dikker laag atmosfeer wat dan soos ‘n lens werk en die maan vergroot. Weer eens is die teenoorgestelde eintlik waar aangesien die dikker atmosfeer wel soos ‘n lens werk maar die maan ‘n effense ovaal vorm gee wat vir die oog eintlik neerkom op ‘n verkleining van die werklike grootte. So, wat is aan die gang? Hierdie verskynsel het sover terug as 350 VC reeds die astronome van die tyd laat kop krap en die slim Aristotle het dit ook verkeerdelik toegeskryf aan atmosferiese distorsie. In die jaar 1000 NC het die Arabiese fisikus Ibn Alhazan die eerste moderne verduideling uitgedink. Hy het gesê dit is omdat ons die maan met bekende voorwerpe soos bome en geboue vergelyk wanneer dit opkom maar sodra hy alleen daar bo sit, is daar niks om dit mee te vergelyk nie. Sy teorie kon egter nie water hou nie want dieselfde verskynsel geld wanneer die maan opkom oor ‘n boomlose woestyn landskap of oor die see. In 1959 het die Universiteit van Wisconsin ‘n eksperiment gedoen deur ‘n skyf van 20” deursnit 85 vt direk oorhoofs op te hang. Presies dieselfde grootte skyf is op presies dieselfde afstand op die grond neergesit. Onafhanklike mense is gevra om te sê watter een is die grootste. Sonder uitsondering het almal gesê dat die een op die grond baie groter is as die een bokant hulle koppe. Interessant genoeg, het kinders die optiese illusie erger ervaar as die grootmense. Sommige van die kinders het glo gesê die skyf op die grond is tot vier keer groter as die een bokant hulle.

Daar is twee verskynsels wat saamwerk om hierdie oë-verblindery te bewerkstellig. Die een is die sogenaamde ”Ponzo Illusie”. Twee ewe lang lyne geteken bo-op twee lyne wat konvergeer soos ‘n treinspoor wat in die verte verdwyn, word deur die menslike brein waargeneem dat die boonste een langer is omdat die twee spoorlyne die illusie skep dat die boonste lyn verder weg is en daarom kompenseer die brein vir hierdie vals afstand deur dit groter te laat lyk (sien links hieronder). Die tweede rede is die feit dat die menslike oog die ruimtelike koepel nie as ‘n volmaakte halwe sfeer sien nie, maar eerder as ‘n afgeplatte koepel, amper soos ‘n onderstebo piering. Weens die Ponzo effek dink die brein dat die oorhoofse maan baie laer sit as wat dit werklik is en daarom kompenseer hy ook vir hierdie vals afstand deur dit kleiner te laat lyk as die maan wat op die horison sit en oënskynlik verder is. As hierdie alles te moeilik klink, probeer ‘n aspiriene. Nee, nie om die kopseer van al die dinkery weg te neem nie maar hou die aspirin op armlengte en dit pas net mooi bo-op die volmaan as hy opkom. Wag tot die maan oorhoofs is, en herhaal die aspirien toets. Die maan is steeds net so groot as die aspirien. Hierdie is een van die mees kragtige optiese illusies in die natuur en niemand kan dit ontsnap nie, al probeer jy hoe hard. Al wat help is ‘n aspirien!





René Theron

Mooi skoon – Lekker woon (3)

Gemeenskap plant bome op verkiesingsdag

Murraysburg – Op inisiatief van die Murraysburg Omgewingsforum is daar op 7 September danksy die dryfkrag van die forum se voorsitter, ds. André Louwrens, by verskeie openbare instansies inheemse bome geplant. Dit is deel van ‘n projek om gedurende 2011 ook 2011 bome in die dorp te plant.

Terwyl die dorp weens die tussenverkiesing in rep en roer was, het lede van die omgewingsforum, die tuinbouklub, die distriksboerevereniging, die VLV en ander belangstellendes by die laerskool byeengekom, waar die leerders in netjiese rye op die besoekers gewag het. Na die opening met ‘n gepaste gebed deur ds. Louwrens is die volkslied en nog twee ander liedere deur die koor onder leiding van me Thoba ter verwelkoming gesing.

Ongelukkig was die skoolhoof, mnr. B. Lottering, ongesteld, maar hy kon trots wees op die gedrag van sy skool se leerders en die optrede van mnre. S. van Staden, adjunkhoof, M.M. Afrika, seremoniemeester, en die skool se verteenwoordiger op die Omgewingsforum, mnr. C. Le Wack. Mnr. P. Nakani, wat spesiaal vir die geleentheid vanaf Beaufort-Wes gekom het, het die leerders in Engels toegespreek, nadat hulle hom verseker het dat hulle Engels verstaan. Mnr. Nakani was opgewonde omdat dinge in Murraysburg begin gebeur en het die leerders aangemoedig om daadwerklik iets vir die toekoms te doen soos om bome te plant en te versorg.

Vanaf die laerskool is daar na die hoërskool beweeg waar die matrieks die gaste ingewag het en die skoolhoof, mev. Renée Louw en mnr. Kotie van den Berg, ‘n gesiene gemeenskapsleier, die leerders ingelig het oor die waarde van bome weens hulle rol in suurstofvoorsiening en die noodsaaklikheid om meer bome aan te plant en hulle te versorg en te bewaar. Mev. Louw het ook verwys na verskeie bekende bome, soos die poskantoorboom in Mosselbaai, wat deur die seevaarders gebruik is, terwyl die hoofseun, Alfred Hermanus die sprekers bedank het vir wat hulle alles na aanleiding van die toesprake kon leer.

By die Congregational Church het ouderling Johannes Solomons en Antonie Troskie, leierouderling van die NG-kerk en voorsitter van die Distrikslandbouvereniging, die woord gevoer terwyl Anne-Marie Lomberg ‘n gepaste prosavoorlesing gedoen het.

Die laaste vier bome is by Huis Spitskop, ‘n tehuis vir die versorging van ouer en gestremde persone, geplant. Ettienne Terblanche, inrigtingshoof, en die voorsitter van die beheerraad was hier aan die woord. Mev. Mette Kromhout het die omgewingsforum bedank dat die ouer persone nie vergeet is nie en op hierdie wyse deel van die opbou en toekoms van die dorp kan wees deur verantwoordelikheid vir die versorging van die bome te mag aanvaar. ‘n Inwoner, wat oor twee maande sy neëntigste verjaarsdag sal vier, mnr. Jan van Rensburg, het namens die inwoners ‘n boom geplant.

Die omgewingsforum is groot dank aan mnr. Stefan Theron van die Departement van Landbou van Beaufort-Wes verskuldig aangesien hy die olienhout-, witstinkhout- en wilde perskebome wat geplant is deur die Departement van Bosbou vanaf hulle kwekery op Worcester bekom het.

OLIVIERS LEWER GROOT DIENS

Murraysburg - Vir baie jare verrig Gerda en Danie Olivier 'n besonder groot diens met die vleisprojek vir die NG-gemeente van Murraysburg. Dit behels dat verskeie beeste, koedoes en skape verwerk, verpak en op 17 September in die Lorraine-gemeente, Port Elizabeth, afgelewer en verkoop word. Die projek is etlike jare gelede as fondsinsameling vir die gemeente aangepak, aangesien die koopkrag vir vleis in eie geledere baie beperk is, en gaan danksy die Oliviers van krag tot krag.

Die oningeligte het geen idee, wat die organisasie en fisiese werk aan die projek behels nie. Leonie Kapp van die Lorraine-gemeente laat geen steen onaangeroer om die vleisbasaar in hulle gemeente te bemark nie en selfs vanjaar met die baie hoë vleispryse, het daar meer bestellings ingekom as waarvoor daar berg-en vriesplek is. Alle bestellings word per faks ontvang en die koper dui op die bestelvorm presies aan hoe die vleis gesaag en verpak moet word. Gerda Olivier bevestig elke bestelling en liasseer dit sorgvuldig om foute te voorkom.

Weens die beperkte koelkamergeriewe, wat goedgunstig deur Piet Retief en Peet de Klerk beskikbaar gestel word, moet Gerda Olivier ook presies met die skenkers van die vleis ooreenkom wanneer wie wat bring.

Danie Olivier, ten spyte van sy seer skouer, en sy eie werkers saag die vleis, maak maalvleis en wors en van die dames uit die gemeente help om in die Oliviers se kombuis die vleis netjies te verpak. Elkeen se bestelling, wat boerewors, biltong en droë wors kan insluit, word dan presies geweeg, geprys en in 'n netjiese pak gevries. Natuurlik moet Gerda presies boekhou wie se bestellings in watter vrieskas, verskeie op plase, bewaar word.

Vroeg op 17 September vertrek vyf bakkies, swaar gelaai met vleis, na die Lorraine-gemeente om die vleis te gaan aflewer en verkoop. Terwyl die meeste gemeentelede heeltemal onbewus is van hoeveel organisasie en werk aan die projek verbonde is, gee Gerda en Danie Olivier twee maande lank al hulle energie, tyd en eie werkers om van hierdie projek 'n groot sukses te maak. Die enkeles wat so 'n kykie agter die skerms het, weet nie hoe hulle dit vermag nie en die hele gemeente kan net sê "Baie dankie, Gerda en Danie. Sonder julle sou daar nie 'n vleisbasaar wees nie!"

Dames opgewonde oor erdwurms

Murraysburg – Tydens die Septembervergadering van die Tuinbouklub het Elsabé Louwrens daarin geslaag om die lede nie net geïnteresseerd nie maar ook opgewonde oor die maak van erdwurmkompos te kry.

Die vraag na organiese produkte is nie net ‘n modegier nie, maar dra by tot beter gesondheid van mens en dier en is boonop voordelig vir die omgewing. ‘n Deklaag van blare is noodsaaklik om meer vog in die grond te hou, verbeter die grondtekstuur op die langer termyn en voed terselfdertyd die plante, wat daar geplant is omdat die meeste plante bolangs in die grond voedsel opneem. Die energieverlies op kaal grond dra by tot globale verwarming.

Die deklaag help ook om onkruid te bekamp. Die ideaal is om selfs “vriendelike” onkruid, wat nie om dieselfde voedselbronne meeding nie, toe te laat en dit slegs te beheer deur dit terug te sny sodra dit wil begin blom. Ou plante moet nie met wortel en tak uitgeroei word nie, maar net onder die grond afgekap word sodat die wortels in die grond kan vergaan en nuwe kos kan vorm. Die deklaag moet aangevul word soos nodig. Hawer- en klawersnysels is uitstekende aanvullers. Planteafval, soos blare wat afgestroop word, kan ook gebruik word om die deklaag aan te vul. Dit is onnodig om die grond tussen plante om te dolwe wanneer die deklaag gereeld aangevul word. Plante, wat in sulke omstandighede groei, is gelukkig en gelukkige, sterk plante trek minder plae aan.

Erdwurmkompos verbeter die grond en kan met ‘n bietjie geduld self gemaak word. ‘n Swart bak, soos ‘n vleisbak, is geskik vir die wurms, indien gate daarin geboor word om suurstoftoevoer en lugsirkulasie te verseker. Die bak kan buite op ‘n beskutte plek, waar dit nie direkte son sal kry nie, geplaas word en die maklikste is om slegs een keer per maand halfdroë beesmis as voedsel bo-op die grond met die wurms te plaas. Groenteafval kan ook as voedsel gebruik word, maar nie grassnysels, dennenaalde of bloekomblare nie. ‘n Deksel van plastiek of iets soortgelyks is nodig om uitdroging van die grond te voorkom. Om dieselfde rede moet die bak liefs nie dieper as 70 cm wees nie.

Die grond binne in die bak mag nie té vogtig wees nie en daar moet toegesien word dat muise, rotte en miere nie by die wurms kan kom nie. Die wurms werk self die kompos na een kant van die bak en wanneer dit die tekstuur van bruin suiker het, is dit gereed vir gebruik. Na sowat drie maande kan van die wurms uitgehaal word om ‘n nuwe erdwurmkultuur te begin.

Louwrens het vrygewig van haar wurms uitgedeel en verskeie opgewonde tuinboulede is met roomysbakke vol erdwurms huis toe om hulle eie erdwurmkompos te begin produseer.

'n Entoesiastiese Elsabé Louwrens aan die woord oor erdwurmkompos

POLISIEOPTREDE LAAT VEEL TE WENSE OOR

Murraysburg – Slagtery op plase neem kommerwekkend toe in die distrik en die plaaslike polisie bly in gebreke om vinnig en daadwerklik op te tree.

Om 17:40 op 7 September het Dirk en Chrisma van der Merwe ongeveer 5 km buite die dorp skaapslagters op Uitkyk op heterdaad betrap. Die vyf boosdoeners het toe hulle die bakkie gewaar in verskillende rigtings op die vlug geslaan met Van der Merwe wat een vasberade agtervolg het. Chrisma van der Merwe het intussen die polisie en bure in kennis gestel. Sy was geskok deur die wrede wyse waarop die slagters reeds vier Dorperooie keel-af gesny het. Archie Vorster, wat op haar oproep gereageer het, het haar gehelp om twee ander ooie, wat styf met draad vasgemaak was, los te maak.

Intussen het Dirk op vol spoed een skaapslagter eers oor 'n draad na Brandkraal en toe in die dorpsmeent agtervolg, met die tevergeefse hoop dat die polisie hom te hulp sou snel. Hy het die verdagte na ongeveer 2 km ingehaal. Buurman Peet de Klerk en nie die polisie nie, het hom gehelp om die verdagte na die polisiestasie te neem. Hy het wel die name van sy vier makkers verskaf, maar die polisie kon op Woensdagaand slegs twee mans aankeer, wat hulle weer laat gaan het. Die verdagte, wat deur Van der Merwe aan die polisie oorhandig is, is wel toegesluit.

Volgens die polisie Woensdagaand 7 September aan diens het hulle nie mannekrag of voertuie gehad om te help nie aangesien almal by die verkiesing besig was en is die Van der Merwes alleen terug na die slagplek om moontlike getuienis in te samel. Hulle het 'n sak op die toneel gevind.

Op 8 September was daar teen 9:00 nog geen polisieoptrede nie aangesien daar glo probleme met die rekenaarstelsel was en daar op die koms van 'n beampte van veediefstal vanaf Beaufort-Wes gewag is. Teen 12:00 het die beampte van veediefstal Van der Merwe geskakel, maar toe hy by die polisiestasie kom, was die betrokke persoon nie daar nie en kon die beamptes aan diens ook nie sy selnommer verskaf nie. Van der Merwe moes onverrigter sake huis toe gaan maar is om 14:00 terug na die polisiestasie. Teen dié tyd het die beampte van veediefstal egter die vier medepligtiges gearresteer. Een van hulle het ook 'n klag van moord teen hom. Dit het voorgekom asof die plaaslike polisie van mening was dat dit nie hulle taak is om veediewe vas te trek nie.

Daar is twee weke gelede ook vyf Dorperooie van Van der Merwe geslag, maar beide betrokkenes is weer op vrye voet. Die een is met toestemming van die ondersoekbeampte op R200 borgtog vrygelaat en sy medepligtige is op vrye voet omdat hy minderjarig is!

Dit wil voorkom asof die plaaslike polisie nie belangstel om die veediefstal hok te slaan nie. Inteendeel, slagtery op plase is aan die toeneem soos mnre Michau du Toit van die plaas Brookfield en Antonie Troskie van Waterval kan getuig. Wat staan die boere te doen om hul eiendom te beskerm?

Mette Kromhout

Vuur versprei vanaf N1

Murraysburg – Op Donderdag 8 September het drie Murraysburg boere groot skade gely weens 'n veldbrand wat vanaf die N1 oor die plase Schietkuil, Phillipsplaas en Boksfontein versprei het. Die vuur is vermoedelik deur 'n sigaretstompie, wat by 'n motorvenster uitgegooi is, veroorsaak en vinnig deur die sterk wind aangedryf.

Mev. Salomé Retief van die plaas Boksfontein is vol lof vir die vinnige en daadwerklike optrede van die polisie op Murraysburg en die brandweer van Victoria-Wes. Die boere van die omgewing en van Victoria-Wes het onmiddellik met mannekrag en toerusting kom help en binne 'n oogwink was nie minder as dertig voertuie met meer as 'n honderd manne byeen om die verspreiding van die brand te beperk en die vlamme te blus. Aangesien min boere in die Karoo oor effektiewe brandbestrydingstoerusting beskik en waterbronne beperk is, moes die manne die vlamme hoofsaaklik met grawe aandurf. Gelukkig kon die waterkar van Murraysburg en die brandweerwa water uit die swembad van Boksfontein inneem, want sonder hulle bydrae sou die vuur in die sterk wind moeilik geblus kon geword het. Die maan het die brandbestryders se moeilike taak na donker vergemaklik.

Die jong boer van Boksfontein, Flippie Retief, en sy moeder, Salomé Retief, kan nie genoeg dank en waardering vir almal se waardevolle hulp uitspreek nie en is spyt dat dit nie moontlik was om water en kos by die vuurslaners, wat tot na donker onverpoosd en verspreid gewerk het, te kry nie.

WHO IS HE???

Thanduxolo Williams was born in Cape Town but spent most of his life in this beloved town Murraysburg (Inyathi). He lives with his parents Fanele ''Oom Wim'' Williams and Nolusapho Williams and one brother Mongezi Monkie but has a very wide family tree here in town. He is Mr-x. He is the guy that always wears a broad smile and is also very involved in a number of extramural activities like soccer and basketball, well known in the community amongst the youth and smaller children.

He works at Anex, a children's rights organisation here in town which puts together a variety of activities and programmes for the children. He also recently started his own soccer team Ama-11 F.C. with the aim of promoting social interaction and a community spirit through the medium of soccer and sport generally. Mr-x is also very helpful amongst the youth as he assists them with the various challenges that they face and helps them out a lot with their schoolwork and projects both in the Primary and High schools.

The community knows him as a very respectful and friendly young man, talented and passionate about life, he always wants to do the extra ordinary and has faced and overcome many challenges in the work he does.

With his free time he usually plays sport, watches TV or does some reading and enjoys spending time with his family, relatives and friends. He is a big Kaizer Chiefs supporter together with his friend Siphelo Majita Tshikolo.

Mr.-x also does some freelance writing for the local newspaper the **'Murraysburger'** and is very passionate about helping the youth and the challenges they face.

VLV-LID VERWERF O.P. KLEURE

Murraysburg – Tydens die vergadering op 14 September was Adri Kruger, wat onlangs O.P.-kleure vir uithouritte in die perdesport verwerf het, die spreker. Kruger het die verskil tussen kommandoritte, wat net vir die pret onderneem word, en uithouritte, wat as kompeterende sport beoefen word, verduidelik.

Perde, gewoonlik afkomstig van woestynperde, die Arabierperde, se digter beenstruktuur en bloedvate wat dig onder die vel is om vinniger afkoel te bevorder, moet spesifiek vir die uitmergelende ritte soos die Fauresmithrit, waar 200km oor drie dae afgelê word, voorberei word. Ritte wissel in lengte, maar alle deelnemers se mikpunt is om aan honderdmylers (160 km) deel te neem.

Die ritte vind op grond- en plaaspaaie met gewoonlik bedrieglike padoppervlaktes plaas. Die ruiter moet self in al sy en die perd se behoeftes tydens so 'n uithourit voorsien en oordeelkundig ry aangesien perde so meegesleur word dat hulle hulself maklik ooreis. Voor en na elke been word die perde deur veeartse ondersoek en hulle hartklop moet na 'n been binne 30 minute minder as 64 slae per minuut wees om diskwalifisering te vermy.

Daar is vaste reëls, wat wêreldwyd geld, vir hierdie sport en die Fauresmithrit is 'n geleentheid om vir nasionale kleure te kwalifiseer indien 'n gemiddeld van minstens 24 km per uur gehandhaaf word.

Elana Grobler, wie se landbou- en tuinbouvergadering dit was, het die lede se belangstelling met 'n uitstalling van vetplante en kruie in potte geplant en boeke oor die Karoo se fauna en flora geprikkel en hulle aangemoedig om hulle kinders en kleinkinders die omgewing te help ontdek.

WHAT IS ANEX?

Anex was established in 2003 with the focus on childhood domestic workers. Now, though the programmes have diversified to Anti-Child Labour, Counter Trafficking and Youth Development, Anex has been working with building the capacity of youth in the Central Karoo since 2006. The project was piloted in 2006 and started with four seasonal life skills camps. Critical processes that caused the changes within the project were:

- The continuous project review
- Examining the impact and probing the factors that would make this project sustainable

This has caused the youth project to move from sporadic intervention without sustained support to focussed community intervention in the form of the Youth Outreach Centre (YOC) that is based in the community.

The goal of the YOC is to facilitate the building of youth to develop the community. Currently we have two Youth Outreach Centres in the Central Karoo: One in Beaufort West and another in Murraysburg. The YOC here in Murraysburg is managed by Thanduxolo Mr-x Williams and two dedicated volunteers, Jason Prins and Eunice Moos who assist in the daily running of the activities and programmes. The youth outreach centre is instrumental in 'youth to youth' outreach because all project activities are implemented by youth to develop the social capital within the communities. Current projects being run by the Youth Outreach Centre are:

- Capacity Building Project (7 - 12yrs), (13 - 18yrs) and (19 - 25 yrs)
  - Learning Curve Programme (Reading, Homework, Life skills)
  - Recreation (Holiday Programme, Sports)
  - Acting for Change (Drama, Painting)
- Y2Y Project
  - Capacity Building
  - Support to community development
  - Newsletter

We are open from 8H30 till 16h30 and everyone is welcome to come and assist and take part in our activities.

Mr-x

MURRAYSBURG

SOMERMUSIEKFEES

SUMMER MUSIC FESTIVAL

"VIER DIE TALENT
VIER DIE SOMER
VIER MEKAAR"

"CELEBRATE THE TALENT
THE SUMMER
EACH OTHER"

19 OKTOBER 2011

19 OCTOBER 2011

Plek? : Murraysburg Stadsaal
Datum? :19 Oktober, 7-uur (19:00)
Koste? : Gratis, maar bring asseblief jou eie stoel saam
Wie? : Hele Murraysburg
Doel? : Viering van plaaslike talent en bevordering van 'n gees van samewerking
Musikante? die : Enige musieksmaak en almal wat keuring slaag, welkom
Aantal items? : 20 (@ ±5 minute per item = 100 minute
Sperdatums? : Almal wat musiek wil maak, moet vóór 30 September inskryf
Oudisies/Keuring/Kleedrepetisie: Sal met musikante gereël word
Keurkomitee? : Mnr'e Afrika, Werner Swart, Paul Avenant, Siphelo, Mev Sarie Reynolds
Verversings? : Ons dorp is 156 jaar oud en die stigterslede (NG Kerk) verskaf 1 gratis pannekoek per persoon na afloop van die musiekfees
Beskermheer? : Dorpsbestuurder, mnr Klink
Eregaste? : Skoolhoofde Lottering en Louw en hul metgeselle; SAPD Stasiebevelvoerder en sy metgesel; Voorsitter van die Distrikslandbouvereniging en sy metgesel.

Kontakpersoon? : André Louwrens, Tel. 0498440002

LET WEL: DIT IS 'N GELEENTHEID WAAR KINDERS EN BEJAARDES TEENWOORDIG GAAN WEES, DAAROM SAL GEEN PERSOON WAT ALKOHOL VERBRUIK HET, TOEGELAAT WORD NIE. 'N SIGBARE POLISIE-TEENWOORDIGHEID SALGEREËL WORD.

Place? : Murraysburg Town Hall
Date? :19 October, 7pm (19:00)
Cost? : Free, but bring your own chair
Who? : The whole of Murraysburg
Purpose? : Celebrating the local talent and enhancing a spirit of co-operation
Musicians? : Music to cater for all tastes. Everybody who passes the auditions is welcome
Total Items? : 20 (@ ±5 minutes per item = 100 minutes
Cut-off date? : 30 September 2011 for all aspirant participants
Auditions/Selection/Rehearsal: To be arranged with musicians
Judges? : Mr Afrika, Werner Swart, Paul Avenant, Siphelo, Mrs Sarie Reynolds
Refreshments? : Our town is 156 years old and the founder members (Dutch Reformed Church) will supply 1 free pancake per person after the show
Patron? : Town Manager, Mr Klink
Guests of honour? : Principals Lottering and Louw and their partners; SAPS Station Commander and his partner; Chairperson of the District Agricultural Association and his partner.

Contact person? : André Louwrens, Tel. 049 844 0002

PLEASE NOTE: THIS IS AN OCCASION WHERE CHILDREN AND OLDER PERSONS WILL BE PRESENT. STRICT CONTROL WILL BE EXCERCISED AND NO PERSONS UNDER THE INFLUENCE OF ALCOHOL WILL BE PERMITTED. A VISIBLE POLICE PRESENCE WILL BE IN FORCE.

KVB LENTEVERKOOPING

SOYA MINCE 200g
R7-90

SOYA MINCE 100g
R 4-15

KNORR SOP
R 3-20

STAYFREE MET WINGS
R 7-50

KOUDSTE KOELDRANK BLIKKIES NET
R 5-90

GROOT BABABOTTEL
R 11-65

HOT CHOCOLATE 250g
R 13-00

CACOA 200g
R 39-90

BRUISMEEL 500g
R 4-50

2PLAATSTOOF ONGELOOFLIKE PRYS
R 92-65

MILO 500g
R 40.80

SPAGETTI & MACARONI
500g
R 4-50

4X4 SPITSKOP

15 OKTOBER

Jaarliks bied Huis Spitskop in Murraysburg'n 4x4 dag aan, wat bekend is vir veelsydige roetes in die Sneeuberge, mooi natuurskoon en boerekos. Die hoofdoel is om fondse vir ons huis vir bejaardes in te samel. 2x4, motorfietse, quads ook welkom.

Kom deel in

R35 000

prysgeld

Groot pryse te wen!
Besoek ons webblad en skyf asseblief in by

www.4x4spitskop.co.za

Kontak ons
049 853 9512
049 844 9731
4x4spitskop@gmail.com